

Lekkerbekkie Nuusbrief

7 JANUARIE 2015 | UITGAWE 82



Inhoud:

- * Kinderstorie: Petrus Plaashond (deur Corlie Putter)
- * Produk van die week: Storiekaarte!
- * Inkleurprentjie: Petrus Plaashond

annaemm
kinderstories



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Petrus Plaashond deur Corlie Putter

Omdat Petrus plaashond in 'n hoenderhok gebore is, het hy gedink hy is 'n hoender - 'n hoender, met lang slap ore, lomp pote en 'n lang stert! Elke oggend met sonsopkoms probeer Petrus Plaashond nes sy beste maatjie, Henkie Hoenderhaan, kraai: "Koe-ke-le-Woef!" Die plaasdiere skrik hulle elke oggend boeglam en is dan goed die hoenders in vir Petrus Plaashond!

Een oggend skrop die twee maatjies vir wurms. Petrus kry 'n vet wurm en grill toe hy die glibberige wurm insluk. "Ai," sug hy, "hoekom moet hoenders wurms eet? Kan ons nie eerder aan 'n been kou nie?"

"WAT?!" kraai Henkie en verstik amper aan sy wurm. "As hoenders nie wurms eet nie, sal hulle begin blaf. Dink net hoe sal jy klink Petrus, as jy moet begin blaf?"

Moedeloos klim Petrus op sy nes. In sy hartjie voel hy alles is nie pluis nie. Hy kan nie kraai soos Henkie Hoenderhaan nie. Hy hou ook nie daarvan om te loop en pik nie - dit maak sy snoet seer. En hy wil nooit probeer eiers lê nie!

Daardie aand toe al die diere slaap, word Petrus Plaashond wakker van 'n krap-geluid. Wat kan dit wees? Dit klink soos 'n gekrap aan die hoenderhok se hekkie! Saggies klim Petrus plaashond uit sy nes, en sluip nader. Sy hartjie klop vinnig, maar Petrus is nie bang nie. Hy voel dapper. Hy weet hy MOET gaan kyk na wat die geluid maak! En hoe nader Petrus aan die hekkie kom, hoe minder voel hy soos 'n hoender en meer en meer soos 'n ... GROOT DAPPER PLAASHOND! "WOEF-WOEF!" blaf Petrus skielik hard.

"Vrot eiers, wat maak so?!" kraai Henkie Hoenderhaan verskrik.

Net toe spring 'n gulsige jakkals tussen die hoenders in! "Jakkals! Help!" kekkel die hoenders benoud! Die jakkals byt en kry Henkie aan sy stertvere beet! "O, mieliepitte... Help Petrus!" roep Henkie.

Met een groot sprong, spring Petrus Plaashond die jakkals onderstebo! "Los my maatjie!" blaf Petrus en byt die jakkals aan sy boud. Die jakkals tjank en los dadelik vir Henkie. Hy hinkepink by die hoenderhok uit en hardloop dar hy so klein word.

Die hoenders drom verbaas om Petrus Plaashond rond. "Woef! Woef!" blaf hy trots.

Henkie Hoenderhaan skud sy stertvere reg en sê: "Sjoe Petrus, vir 'n hoender kan jy nogal goed blaf!"

Petrus glimlag. "Nee Henkie..... ek is nie 'n hoender nie. Ek is, en was nog altyd 'n hond."

"O..." sê Henkie. "Beteken dit, dat jy nooit weer wurms gaan eet nie?"

Petrus plaashond lag. "Nee wat, dankie!" antwoord Petrus. "Plaashonde wat wurms eet is so skaars soos hoendertande."

Verdien 'n ekstra inkomste in 2015 deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinderstorie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za

Produk van die week

Leeskaarte met nuwe stories!

Het jy geweet die skrywer van ons Lekkerbekkie-stories, Anna Emm, het al meer as 2000 Afrikaanse kinderstories vrygestel? Meeste van hierdie stories is op CD opgeneem deur bekende name soos Gys de Villiers, Anrich Herbst, Anna-Mart van der Mewer, Diaan Lawrenson en Vicky Davis! Lekkerbekkie Tydskrif is 'n produk van ANNA EMM (PTY) LTD – tans die grootste vervaardiger van kinderstories in die land. Besoek www.AnnaEmm.co.za vir 'n volledige katalogus.

Ons LEESKAARTE is 'n splinternuwe produk-reeks wat in 2015 verskyn – die eerste twee pakke is reeds beskikbaar! Elke leespak bevat vyf A4 leeskaarte, elk met 'n volledige storie en volkleur illustrasies. Dis heerlike stories vir voorlees met slaaptyd, of vir die klein maatjies wat al self begin lees. Al die LEESKAARTE is beskikbaar in Afrikaans of in Engels – ons eerste nuwe Engelse vrystellings in meer as vier jaar!

Koop “MONSTERS” en “VREEMDE UITVINDINGS” (5 stories elk) beide hierdie week vir slegs R120 (geldig tot Maandag 12 Jan) by enige AnnaEmm agent, of kry dit teen die normale prys (R65 elk) by 021 930 0908 | lekkerbekkie@annaemm.co.za



In die “Monsters” pak:

1. Die monster in die vullisdrom
2. Die tuinmonster
3. Die monster en die melkskommel
4. Die monster met die seer tand
5. 'n Yskoue monster

In die “Vreemde uitvindings” pak:

1. Die groente-op-eter
2. Die kruisbeen-musketvanger
3. Die briljante sleutelsoeker
4. Die vlieënde Ferrari
5. Die inkopie-robot

Ook in Engels!

Splinternuwe Storiekaarte!

Tien nuwe stories met illustrasies vir voorlees óf self lees.




Spesiale aanbod: Koop altwee pakke storiekaarte @ slegs R120!
Gewone prys R65 elk - spaar R10 | Aanbod geldig tot Maandag 12 Januarie

Word 'n Anna Emm storie-agent in 2015!

As jy belangstel om self 'n agent vir Anna Emm se kinderstories te word, kontak agente@annaemm.co.za | 021 930 0908

Gratis inkleurprentjie

Petrus Plaashond illustrasie deur Elanie Bieldt



Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za